VAN ONS SUSTERS



SUSTERSBYEENKOMS

Ons trek by die laaste Sustersbyeenkoms van hierdie semester. Alle susters en broeders word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op Dinsdagaand 8 Mei 18:30 in ons saal. Die spreker is Faans Steyn en hy sal ons toespreek oor die aanwending van statistieke, tabelle van syfers en grafieke in die kerklike en alledaagse lewe.

- Ina Steyn

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEKE

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié 2 weke verjaar baie geluk met hul verjaardag:

23 April **Koos Nortjé,** Plaas Boshoek, ☎ 079 760 3602
24 April **Johan Kruger,** Mozartweg 1, ☎ 083 306 0224
Lappies Labuschagne, The Willows 5, ☎ 084 318 5949
Machiel Oosthuizen-van Tonder, Rivierstraat 22
25 April **Ami du Toit,** Malvastraat 119, ☎ 076 576 7204
28 April **Gene Putter,** Huis Eikelaan S 64, ☎ 018 285 1317
29 April **Ian Bartlett,** D'Astrisstraat 3
Estaleen Walkinshaw, Hant on Court, ☎ 079 299 6295
1 Mei **Wymie du Plessis,** Wandraglaan 14, ☎ 083 575 5786
3 Mei **Andries de Klerk,** Adrinahof 106, ☎ 084 440 1661
4 Mei **Frans Prinsloo,** Landsbergstraat 16, ☎ 076 624 3656
5 Mei **Kenneth Bain,** De Wetstraat 4, ☎ 018 293 2116
Wilmarie du Plessis, Neethlingstraat 24, ☎ 082 820 6577

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 15 April 2018 was R 5 370.

Die kollekte ten bate van **Teologiese Studentekas** was R 1 990.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke B1 en B2 versorg vandag die tee en koffie
Wyksusters van B1 is **Sonja Venter** en **B2** is **Lenie Bouwsema**.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 13 Sondag 22 April 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Chris van Ryssen** A3, **Kobus Havenga** A4, diakens wyk A3 is vakant en A4 Rudy van der Spoel.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke B1 en B2. B1 is **Sonja Venter** en **B2** is **Lenie Bouwsema**. Die Susters van dié wyke word gevra om te help.
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke **C5** en **D1. André Vorster** en **Tom Chambers.**
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 61707553
Sondag **29 April** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Teks: Mattheus 5: 9. Kolossense 1: 1 - 23
Fokusverse: Mattheus 5: 9. Kolossense 1: 20.
TEMA: ***Vredemakers met 'n swaard in die hand!***
SING: Skrifberyming 7: 3, 4 (Tema 5 - 2);
Skrifberyming 16: 1 - 3, 6 (Tema 11 - 3); Psalm 122: 1, 2;
Psalm 139: 1, 2, 12; Psalm 127: 1, 2; Psalm 72: 1, 2, 4, 9.

AAND: Teks: Efesiërs 1:1 - 14; Johannes 6: 32 - 44
Fokusgedeelte: Efesiërs 1: 4;
Johannes 6: 37, 39, 44
Dordtse Leerreëls 1:7
TEMA: ***Die uitverkiesing dien tot die lof van God se oorvloedige en heerlike genade.***
SING: Psalm 75: 1, 24; Psalm 65: 2 – 4;
Psalm 135: 1 - 3

Volgende *Op die Kerkwerf* verskyn weer op

Dagboek

27 April: **Vryheidsdag**
30 April: **NWU en Skole vakansiedag**
1 Mei: **Werkersdag**
8 Mei: **18:30: SUSTERS vergader**

LIEF EN LEED



Biggs Badenhorst is steeds in die Intensiewe sorgeenheid van Medi-Clinic. Mag die Here hom lei en troos.

Minke Kruger is die naweek ontslaan uit Medi-Clinic.
Ons is dankbaar saam met haar en Gert ☎ 082 699 6591.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Die Kerkblad**.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die **GKSA Sustentasiefonds**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE
Vandag moet **Les 11** en **Psalm 46: 1** geleer word.
Maandag lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 41
Volgende Sondag geen kategese
Woensdag om 14:15 vir Graad 8-10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30. Bybelstudie vir ouers met klein kinders (0 tot 10 jaar) **Kontak** Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

GEHOORSTUKKE VIR GEBRUIK IN DIE EREDIENS

Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Hierdie apparate is van besondere hoë kwaliteit en help dat 'n mens alles tydens die erediens helder kan hoor.



FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord.

Melissa Kent sal die foto's neem.

TER APPROBASIE
Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgehou.
Banie Boneschans, Carel Marais en **Wynand Putter**

MET ATTESTAAT VERTREK
Na Gereformeerde Kerk Potchefstroom Oos **Abram en Anna Kruger**
Na die Gereformeerde Kerk Buffeldoorns **Marius en Elmarie Kemp.**
Ons wens hierdie lidmate 'n geseënde verblyf in hulle nuwe gemeentes.

VANUIT KERKVERBAND

BEROEPE AANVAAR

- Ds GP van Rhyn (Gerhard) van Rietvallei na Komatipoort.
- Ds JG Tredoux (Jacques) van Dendron/Magalakwin-kombinasie na Pretoria-Brooklyn as medeleraar.

PAKISTAN

Streek: Suid-Asië
Leier: President Mamnoon Hussain
Bevolking: 196 744 000
Christen: 2%
Meerderheidsgeloof: Islam
Regering: Federale Parlementêre Republiek

"Tydens die kerkdiens het boodskappe ingestroom oor die aanvalle op twee kerke, nie ver van waar hulle was nie."
Daar is verskeie groepe van Christene in Pakistan wat vervolging ervaar. Historiese Christen-gemeenskappe bestaan openlik, maar is onderworpe aan baie streng reëls en word konstant dopgehou, terwyl Christenbekeerlinge van Islam die ergste vervolging ervaar van beide, radikale Islamitiese groepe en familie en bure. Protestante Christen-gemeenskappe is onder die soeklig en word geteister deur gereelde aanvalle, veral wanneer hulle deelneem aan uitreike onder Moslems. Gewelddadige vervolging is algemeen. Christene is teikens vir moord, bomaanvalle, ontvoering van vroue, verkragting, gedwonge huwelike en uitsetting vanuit huise en die land. Onregverdige en eiemagtige wette teen godslastering word gebruik om Christene te straf en evangelisasie te verhoed. Geopende Deure ondersteun die Kerk in Pakistan, in samewerking met plaaslike kerke en ander bedieningsvennote, deur vrouebediening, noodleniging aan slagoffers van gewelddadige vervolging,

Bybelse en pastorale opleiding, beroepsopledingsprojekte traumaberading en meer.

Met dank aan ***Geopende Deure Suider-Afrika***